God is tevrede met my - 2010-03-07

Vraag: Hoeveel van u wil graag deur u lewe die Here tevrede stel? Hoeveel van u dink die Here is tevrede met u huidiglik?

Baie min gelowiges glo werklik dat hulle God tevrede stel EN OF OOIT tevrede sal stel. Jy dink aan God, Sy heiligheid, Sy standaarde, kyk na jouself, voel jy kom ver te kort!

Meeste ervaar 'n mate van vergifnis en aanvaarding, maar om egter te verklaar dat God tevrede is met my, is nie maklik om te verwerk nie.

'n Persoon kan kies om vir jou lief te wees uit die goedheid van sy/ haar hart, maar om werklik met jou tevrede te wees, moet hulle werklik hou van jou prestasies!

Met God, kan niemand egter God tevrede stel o.g.v. jou prestasies nie. **Sy standaard is volmaaktheid en geen goedheid van jou kant kan ooit kompenseer vir jou sondes nie**. Ons mag die mens plesier en tevredenheid verskaf, maar nie God nie, WANT....

Rom 3:23 **want almal het gesondig** en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
Rom 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.

Ons GELOOF in Christus het die verandering gebring wat ons saligheid aan betref. Wanneer ons, ons geloof in Christus plaas, is God tevrede want

Heb. 11v6 ..."Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag / tevrede te stel!

Geloof kom uit jou hart (rom 10v10) en God kyk na jou hart – nie jou aksies en prestasies nie. Natuurlik sien God jou AKSIES – en sal met jou deel oor dit, maar net omdat dit gekoppel is aan jou hart!

Dis ons harte waaroor God bekommerd is. ONS wil **gedragsverandering by mense sien**, maar solank dit gesetel is in jou pogings en nie deur geloof in Christus te plaas nie, sal jy bly faal.

Solank u glo God is kwaad vir jou en daarop uit om jou te straf, sal jy nooit vrymoedigheid besit om toe te laat dat die Here jou gebruik nie!

Die ergste sonde is **SELFREGVERDIGING** – WAT VAN **GOD EIS OM JOU TE SEEN** OMDAT JY KLOMP GOEIE DINGE GEDOEN HET!

NET jou geloof kan jou red!

KYK NA TWEE VERHALE WAT HIERDIE WAARHEID VIR JOU SAL ILLUSTREER:

Luk 18 v 18-23 en Luk 19 v 1-10 2010-03-07

Twee Bybel stories wat die wet en genade kontrasteer.

1. **Luk 18:18** En 'n sekere owerste (man van aansien) vra Hom en sê: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?

   Dink oor die vraag: Wat sou 'n goeie evangelis hom geantwoord het?
   Glo in die Here Jesus Christus en jy sal die ewige lewe ontvang.
   Maar Jesus antw dit nie en gee hom die WET – 10 gebooie

   Die man het **met TROTS** – geglo dat hy iets moes doen om die ewige lewe te verdien
   Wanneer jy ookal na die Here toe kom **en spog oor jou pogings**, sal Jesus jou **die wet gee.**

   Hoor wat is die man van aansien se reaksie – **Ek het dit alles gedoen**!
   Soos die Fariseers het hy regtig gedink hy kon die hele wet onderhou. Jesus het kom toon dat God se wet nie deur enige mens onderhou kan word nie. **Dis onmoontlik – standaard is te hoog**.

   Dalk kompliment verwag van Jesus. EEN DING KOM JY KORT!

   Indien jy wil spog oor jou pogings om die wet te onderhou, sal Jesus altyd iets vind wat jy gaan kort kom.
   In die geval – **moes hy alles verkoop** en dit vir die armes gee en Jesus dan volg.
   Was te veel vir hom. **Hy het gespog** – hy het al die wette onderhou, en met die eerste wet, Geen ander gode.... het hy weggestap – **was nie bereid om sy geld te gee nie**.

   Jesus gee hom die amazing voorreg om saam met Hom te gaan – hy kon nie – wou nie sy geld wat sy god was van skei nie.

   Vriend, wanneer jy met jou eie selfregverdiging na Jesus wil kom, spog oor jou eie vermoe en hoe lief jy vir die Here is**, sal jy uitvind – een ding kom jy kort** !
   Gaan altyd kort-kom! **Altyd onder veroordeling wees !**

2. **Luk 19 v 1-10 – Saggeus**:
   Jesus stap in **Jerigo in – sit 'n man in 'n vyeboom –** kyk op en sien die kort Saggeus wat gehoop het om net vir Jesus te kon sien.

Saggeus – SARS verteenwoordig. Maar hy was korrup, 'n sondaar wat mense ingedoen het en nie baie gewild was nie.

Hoe sou ons Saggeus evangeliseer het? Kom hier jou duiwel! Maar i.p.v. veroordeling en straf vd wet met die 10 gebooie, **bewys Jesus hom onverdiende genade en guns en nooi Homself na Saggeus se huis.**

Mense in die skare was ongelukkig daaroor – sondaar?

Kyk wat gebeur nou in die huis? Voor die ete verby is – staan Saggeus op(verklaring, as't ware 'n eed) en verklaar: Here, helfte van my goed gee ek vir die armes, onregmatig van mense gevat het, gee ek viervoudig terug.

Luk 19:9 Toe sê Jesus aan hom: **Vandag het daar redding** vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is. **Nie oor sy werke** – maar dat Hy reageer het op GENADE vir hom – restitusie gedoen!

Ek glo die HG het die twee stories langs mekaar geplaas. Ek glo nie dit is kronologies langs mekaar geplaas nie, maar is deur die HG langs mekaar geplaas om die skrille kontras van die wat onder die wet opereer en die wat onder God se genade staan.

Toe die ryk man van aansien na Jesus toe kom **met sy spoggery oor sy wetsgehoorsaamheid, het Jesus hom geantwoord met die wet.**

Maar toe Jesus genade bewys het aan Saggeus, het dit sy hart geopen asook sy beursie.

Hierdie korrupte man ontvang genade omdat hy nie geroem het in sy goeie hoedanighede nie.
Diep in sy hart het hy geweet, hy verdien nie wat hy nou hier ontvang nie en dit het sy hart geopen!

Al wat hy gehoop het was om 'n klein ietsie te sien van Jesus, **maar Jesus het sy verwagtinge** ver oorskrei.

Die rol vd wet is om jou tot jou einde te bring van jouself, en jou dan te bring tot op 'n plek waar jy besef jy kan nooit God se redding en genade asook sy guns vir jou, verdien nie.

Dit is wat **die Bybel dooie werke** noem waarvan jy jou moet bekeer.
Dit is jou **eie pogings** om God te beindruk.